**Donderdag 22 Junie**
**Skrifgedeelte: Johannes 19:17-27**
**Fokusgedeelte: Johannes 19:25-27**
**Ons Here Jesus maak ons geloofsfamilie!**

Jesus hang aan die kruis. Hy ly. Rondom sy kruis staan sy ma, twee van sy tannies, Maria Magdalena, en sy lieflingsdissipel Johannes. Elkeen sien Jesus swaarkry ... vir hulle ... vir ons.

Wat doen Jesus terwyl Hy so ly? Hy spreek Maria aan: Vrou ...! Met hierdie formele woord hou Hy sy ma op ’n afstand. Hy is immers nie net haar bloedkind nie. Daarom sê Jesus ook: *Kyk, daar is u Seun.* Ja, Maria, sien My vir Wie Ek is. Sien My raak as God se Seun wat aan die kruis vir jou sondes kom betaal het, jou Verlosser!

Wanneer Maria so na Jesus kyk, draai Jesus na sy boesemvriend, Johannes, en sê: Kyk, daar is jou moeder. Ja, Johannes, jy erken My as jou Here. Daarom bind Ek Maria aan jou vas. Want ook Maria kyk nou met geloofsoë na My! Julle albei glo in My, is lief vir My en dien My. Daarom bind ek julle nou aan mekaar, Johannes. Julle is nou mekaar se geloofsfamilie.

Sien jy wat Jesus rondom die kruis doen? Hy verbind mense met mekaar! In die skadu van die kruis maak Hý mense mekaar se familie. Hulle is nie bloedfamilie nie, maar ... Jesus maak hulle geloofsfamilie, mense wat sáám in Hóm glo!

Johannes reageer op Jesus se woorde. Hy neem Maria in sy huis. Hy begin vir haar sorg. Hulle begin as ’n gesin saamleef ... ’n geloofsgesin, ’n geloofsfamilie wat mekaar oppas, bystaan, beskerm, versorg.

Só is jy en ek wat in Jesus glo, ook nou deel van hierdie geloofsgesin! Daarom ... sien bietjie die man en vrou en dogter en oupa om jou raak wat soos jy in Jesus glo. Húlle is jóú geloofsfamilie! Gaan leef nou saam met jou geloofsgesin in Christus ... elke dag!

*Sing: Skrifberyming 18-1:1-3*

*Ds. PW Kurpershoek (Pieter) (Middelburg, Mpumalanga)*